
Beeld 2006/10/15 p18.

# Waar anders in wêreld as SA?

## Ons lag vir dit wat ons aanvang om die pyn te oorleef



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Ek is lief vir my land.

Waar anders sal ons soveel humor terugvind in alles wat ons doen? Midde-in 'n vlaag van geweld, 'n aftakelende epidemie, 'n wanfunksionele gesondheidsorgstelsel, asook 'n gevaarlike openbare vervoerstelsel, vang ons goed aan wat ons in staat stel om saam te lag en só ons pyn te oorleef. Waar anders in die wêreld sou 'n mens:

■ peperduur padtekens kry wat jou waarsku teen massiewe slaggate, terwyl hulle gewoon die geld vir die padtekens sou kon gebruik het om die slaggate te herstel?

■ 'n senior politikus vind wat kondoomlose seks met 'n vriend se dogter het, maar aan die hoof staan van die regering se veldtog vir morele herstel?

■ vind dat die feit dat die departement van binnelandse sake sy deure om 07:30 open, nie beteken dat amptenare teen daardie tyd begin werk nie?

■ op 'n vliegtuig jong sakelui vind wat luidkeels oor hul selfone praat van miljoene wat in hul rekeninge "gedeponeer moes gewees het", net om te hoor hoe hul selfone lui?

■ polisiemanne vind wat deur bendes gevange geneem word en in hul eie selle opgesluit word?

■ op die presiese oomblik dat die voetgangerlig na rooi oorslaan, 'n horde landsburgers vind wat skielik verskyn en besluit om die straat op daardie oomblik oor te steek?

■ vind dat die roekeloosste bestuurder 'n prominente plakker het wat jou nooi: "Rapporteer my bestuursvernuf deur die volgende nommer te skakel . . ."?

■ 'n kalmerende boodskap vind wat vra: "is dit nie irriterend dat jy moet wag nie?", terwyl jy wag dat Telkom se 1023 telefoongidsdiens eendag hul telefone beantwoord?

■ bieradvertensies vind wat wys hoe bierdrinkers van verskillende rasse saampraat en -lag, iets wat jy nooit in 'n regte Suid-Afrikaanse kroeg sien nie?

■ op die vlug na Upington, oor die Karoo, vind dat die vlugkelner aan jou instruksies verskaf oor wat jou te doen staan indien die vliegtuig in die water sou beland?

■ vind dat die som geld wat ons 'n sokkerafrigter betaal, gebruik sou kon word om die sogenaamde Derdewêreld se skuldlas te delg?

■ vind dat die man in die vorige burgemeester van Kaapstad se kantoor wat venyn spoeg teen bruin mense, se eerste naam toevallig Blackman is?

■ vind dat die minister van verdediging die mees oorgewig en onfiksste minister in die kabinet is?

■ vind dat 'n "geen ekstras"-lisensie aan SAL toegeken word – 'n lugdiens wat reeds oor geen ekstras beskik?

■ vind dat wanneer 'n politikus deur korrupsieklagte in die gesig gestaar word, hy ophou werk ten einde "meer tyd saam met sy familie deur te bring" – selfs wanneer hy geen familie het nie?

■ 'n Suid-Afrika vind wat Noord-Ierland adviseer oor maniere om geweld te beëindig?

■ vind dat etlike skole hul personeel steeds verplig om gedrapeer in dik, Middeleeuse togas, ontwerp vir Europese klimate, klas te gee — in Afrika-weersomstandighede met temperature van 30 grade?

■ vind dat kelners by 'n restaurant slegs wanneer jou mond vol kos geprop is en jy nie kan kla nie, kom vra: "is als reg"?

■ vind dat die sogenaamde "kwotaspelers" (lees "swart") in rugby uiteindelik beter blyk te wees as talle van die "nie-kwota (lees "wit") spelers"?

■ vind dat die minister van gesondheid in 'n verligte demokrasie beet as behandeling vir vigs verheerlik?

■ vind dat diegene wat tans die luidste oor onbillike diskriminasie kla, juis diegene is wat in die verlede ryklik baat gevind het by hierdie tipe diskriminasie?

■ vind dat 'n wit man "Blackie" genoem word en 'n swart man "Whitey"?

■ vind dat mense by vreemdelinge wie se rassestand nie opvallend is nie, wil weet: "wat is jy?"

■ vind dat die mees bevoegde minister in die kabinet (en ook die gewildste in sy party) onmoontlik president kan word? (om welke rede hy ook besluit het om "tyd saam met sy familie deur te bring").

■ vind dat mense vir ander persone lag in hul mees verleë oomblikke?

■ vind dat die land met die meeste Nobel-vredespryswenners in werklikheid een van die gewelddadigstes op die planeet is?

Ek is steeds lief vir my land!

*Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde by Tuks.*